UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY

KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 19 # 2 • 28-03-2011 • YEAR 19 # 2 MONTHLY STAFF NEWSLETTER

# Water researchers combine forces

For the water scientists of Stellenbosch University (SU), a problem is no more than a statement temporarily lacking a solution.

That was the opinion of SU Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, at the official launch of the Stellenbosch University Water Institute on World Water Day, upon reflecting how SU researchers tackle the myriad of water-related challenges facing South Africa and the rest of our continent.

He said that this positive attitude also captures the spirit of the HOPE Project, through which Stellenbosch University uses its key strengths of academic excellence and cutting-edge research "to address seemingly intractable problems in society".

The Stellenbosch University Water Institute, which embodies various objectives of the HOPE Project, unites established water research groups in five SU faculties under one umbrella. Current research projects already being done by its affiliates, in collaboration with government and industry, focus on health, agriculture and food, a sustainable environment, nanotechnology and filtration, effluent treatment and social aspects surrounding water.

In her keynote address, the Minister of Science and Technology, Ms Naledi Pandor, urged the researchers involved to not only commit to multidisciplinary research with partners elsewhere in South Africa, but also at institutions throughout Africa to ensure necessary skills development within the water sector.

She said that it is vital for policy makers to follow a model such as that of the Institute through which new knowledge is created and also applied to solve current water challenges. She also urged for stronger links between scientists and policy makers.

The launch function at the Wallenberg Research Centre was preceded by a water seminar, attended by more than 200 members of the public, academics and students.

"Our University has over the years built up excellent capacity within the field of water research, in various departments and various faculties," says Prof Eugene Cloete, chair of the Stellenbosch University Water Institute advisory board and dean of the Faculty of Science. "By uniting our researchers in such a way I believe we have created a national asset that actively contributes towards solving South Africa and the continent's water related challenges."

Microbiologists, polymer scientists, soil scientists, geologists, invasion biologists, engineers, zoologists, food scientists, biochemists, agricultural economists and a philosopher count among the affiliated researchers.

Prof Pieter Swart, interim director of the Institute and chair of the Biochemistry Department, invited other scientists to join the Institute's current network of water researchers. "The aim is not only to make it easier for our own researchers to do collaborative multidisciplinary work with colleagues in other faculties or universities, but to also facilitate access to appropriate funding," he said.

The Institute has, for instance, been invited to submit funding proposals to the European Commission, through the NEPAD Water Centres of Excellence initiative of which SU is the coordinator.

– ENGELA DUVENAGE

**■ Read more at: http://www.sun.ac.za/water**



Justin Alberts

Glasses of water were raised to the success of the Stellenbosch University Water Institute by Vice-Rector: Research Prof Arnold van Zyl, Rector and Vice-Chancellor Prof Russel Botman, Minister of Science and Technology Ms Naledi Pandor, and the chair of the Stellenbosch University Water Institute advisory board, Prof Eugene Cloete.

## Nasiebou lank nagevors

Proff Hennie Kotzé (links) en Pierre du Toit se nuwe boek, *Liberal Democracy and Peace in South Africa: The Pursuit of Freedom as Dignity*, is pas bekend gestel. Dié twee politieke wetenskaplikes het 26 jaar – voor, gedurende en ná ons land se oorgang tot demokrasie – navorsing gedoen oor of 'n demokratiese samelewing ook tot 'n meer liberale en vreedsame nasie aanleiding gegee het. Die studie is die enigste longitudinale opname wat die publiek se waardes oor so 'n lang tydperk meet, en boonop die eerste studie wat openbare en elitewaardes vergelyk. Palgrave Macmillan is die uitgewers. Lees volgende keer in *Kampusnuus* meer oor dié studie se bevindings.



Anton Jordaan

# Hoofkampus gaan dalk 'n nuwe gesig kry

'n Mensvriendelike kampus is deel van die US Fasiliteitsbestuur se opwindende planne om die Stellenbosse hoofkampus 'n "nuwe gesig" te gee.

Dit stel, onder andere, báie minder voertuie op dié kampus in die vooruitsig – maar veel meer stappers, fietsryers en pendelbussies.

Die meesterplan sluit ook die Tygerberg- en Bellvillepark-kampusse in, maar die klem val veral op die toekomstige ontwikkeling van die hoofkampus waar dit die grootste knelpunte rondom kapasiteit aanspreek. Die plan is die afgelope jaar wyd gekonsulteer, verfyn en herbedink.

By die uitvoering van die plan sal Stellenbosch se breë kampus- en dorpsgemeenskap, asook die plaaslike munisipaliteit betrek word.

"Ons wil langtermynplanne daarstel om toekomstige ontwikkeling so te rig dat ons kampusomgewing se unieke karakter, en die identiteit en gehalte daarvan, behoue bly en bevorder word terwyl die beeld van 'n toonaangewende 21ste-eeuse kampus met effektiewe dienslewering geskep word," sê Schalk Opperman, die direkteur van Beplanning en Ontwikkeling in die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur.

## Nie oornag nie

Sulke veranderings kan nie oornag geskied én slaag nie, erken hy. "Bekostigbaarheid is 'n faktor, maar veranderings soos dié gaan ook gepaard met 'n geleidelike omswaai in opvattings en ingesteldheid en daarin word volhoubaarheid 'n al belangriker faktor."

Die voorgestelde meesterplan volg op deeglike ontwikkelings- en beplanningstudies. Daar is onder meer gekyk na verkeers- en parkeerpatrone en na ruimtebehoeftes in geboue asook huisvestingsbehoeftes.

Groeiende studentegetalle en toenemende motorverkeer plaas lankal nie net baie druk op

*(Blaai na bl 3)*

Marlene Dumas, 'n oudleerder van die Hoërskool Bloemhof in Stellenbosch, het 'n eredoktorsgraad van die US ontvang – die enigste eredoktorsgraad wat op vanjaar se Maart-plegtighede toegeken is. Dumas is so vereer vir haar reuse-aansien in die internasionale kunsgemeenskap deur haar skilderwerk, vir haar rol in die radikale verandering van konvensionele houdings teenoor die werk van vroue-kunstenaars, en vir haar toegewyde en onverskrokke pogings om deur haar kuns die verteenwoordigende stereotipes van geslags- en sosiaal-politieke identiteit te bevraagteken. Sy woon in Amsterdam in Nederland en is bekend om haar treffende kunswerke van hoofsaaklik menslike figure.



Justin Alberts

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus



**NUUS** *Vakansie was harde werk in die sneeu* 3




**COMMUNITY** *Artworks commemorate worst flood* 4



**NEWS** *Centre for sustainable business* 5




**NAVORSING** *MIV-navorsing beloon met Afrikaprys* 5



**KUNS** *Pianis vier sy eerste album in die Endler* 7

## FROM THE EDITOR'S DESK / VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



I've been caretaking at *Kampusnuus* several times since mid-2009.

In the last semester of that year, I stood in for the former editor, who had the opportunity to study overseas. Later, I helped out again with two issues in the middle of the first semester of 2010, and then again since August last year.

After being here for about 20 months now, intermittently, temporarily and part-time, I'm saying goodbye to everyone – and "all the best" to the new editor, Wayne Muller, who has now joined the University's Communication and Liaison team as a full-time member, with *Kampusnuus* as an important part of his responsibilities.

Wayne is no newcomer to our campus. He completed a BA here, followed by an honours degree in Journalism, with a bursary from Naspers. He then completed an internship at *Eikestadnuus* and, in 2000, obtained the MPhil in Journalism.

After another short stint at *Eikestadnuus*, he worked as a reporter at the *George Herald* (in this Southern Cape town where he grew up) and then as political reporter and later as business and arts reporter at *Die Burger* in Port Elizabeth.

In 2004 he relocated to the magazine world, working at New Media Publishing in Cape Town as assistant editor of the DStv entertainment magazines and then as editor of *Roots*, a staff magazine for FNB.

Since 2007, he was assistant arts editor of *Die Burger* in Cape Town, writing mostly about classical music and theatre.

Music has been an important part of his life. He started taking piano lessons at about seven and later accompanied his high school choir. Organ lessons followed in his early teens and, while still at school, he played organ at church meetings.

As a student at Stellenbosch, he took part-time organ and singing lessons at the Department of Music. In 2009, he enrolled for this department's part-time Certificate Programme in Music, and he has continued taking singing lessons since then. "The singing lessons transfer me to 'another world'. It is both 'relaxing' and really hard work."

He is also a member of Schola Cantorum, the Music Department's soloists choir, an experience that he describes as "something like team sport."

His return to an academic environment now enables him to continue studying. Having worked in music journalism most of his life, and loved it, he plans to tackle a doctoral research thesis on this subject.

"Writing is near to my heart," he says. "That's why I've become a journalist. But it's more than just my career. I'd like to continue writing in my spare time, in fields outside my work and studies, such as travel writing for example."

As a Matie, Wayne lived in Goldfields Residence on campus and he remembers his Stellenbosch student days as most enjoyable. "It was an experience that made me love this town – my very reason for applying to work here. This campus is where I discovered myself, where I've made lasting friendships."

He fully realizes, though, that working for the University provides a different experience from being a full-time student on campus – "but it is a voyage of discovery that I've looked forward to."

Welcome, Wayne. Enjoy the trip!

*Hans*

## *Kampusnuus kry 'n nuwe redakteur*



*Kampusnuus* se nuwe redakteur, Wayne Muller, 'n oud-Matie wat vroeër dié maand by die mediaspan van Kommunikasie en Skakeling aan die US aangestel is. Hy het onder meer vroeër 'n meestersgraad in joernalistiek aan die US behaal en het daarna wye media-ervaring opgedoen. (Lees ook *Van die redakteur se lessenaar* langsaan).

## KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!



# Ongewone sentrum vermag baie in eerste jaar

**Die Standard Bank Sentrum vir AgriBesigheid Mentorskap en Leierskap Ontwikkeling het veel vermag sedert dit minder as 'n jaar gelede gestig is. Die direkteur, prof JOHAN VAN ROOYEN (foto links) – wat saam met die programkoördineerder, Carin Bruce, dié buitengewone sentrum gevestig het – vertel meer hiervan.**

In sy eerste jaar het die Standard Bank Sentrum vir ArgiBesigheid Mentorskap en Leierskap Ontwikkeling reeds 'n aantal suksesse behaal. Landbou-adviseurs vir boere oor grondhervormingsprojekte, tot so ver as Limpopo, word deur kortkursusse bemagtig; invloedryke meningsvormers oor landbou word by 'n leierskapslaboratorium betrek; meesters- en doktorale programme is ingestel met geldelike steun van buite die Universiteit Stellenbosch (US); en belangrike internasionale bande word uitgebou.

### Akademiese programme

Die Meesters- en PhD-programme het reeds begin en die US se Departement Landbou-ekonomie bied 'n multi-dissiplinêre studieprogram in agri-ontwikkeling en bestuur aan. Finansiële hulp vir die akademiese aktiwiteite van die sentrum sluit in:

- Vyf ArgiSeta-beurse (van R30 000 elk per jaar) is ontvang om studente te help met hul meestersgraadstudies. Die fokus van hul studie sal wees om 'n nouer band te bewerkstellig tussen opkomende boere of boere in landelike gemeenskappe en agri-voedsel waardekettings;
- Twee meestersgraadstudente, wat werk doen oor voedselsekerheid, is aangestel met die hulp van die Universiteit se HOOP Projek en met die ondersteuning van die Vlaamse regering;
- Twee SamtamAgri-beurse (van R50 000 elk per jaar) is toegeken aan honneursstudente. Die fokus van hul studie sal verband hou met risikobestuur en versekering vir nuwe/opkomende boere wat die argi-voedsel waardeketting betree.

### Mentorskap-ontwikkeling

Die kontrak met die Limpopo Argibesigheidontwikkelingsalliansie (LADA) in Limpopo-provinsie vir die eerste Agri-Mentorskap-kortkursus van die Sentrum vir 2011 is ook onderteken. 'n Eerste groep van 80 professionele landbou-adviseurs van argi-ontwikkelingsagentskappe in Limpopo, word opgelei in samewerking met PwC. Die kortkursusprogram sal teen Mei 2011) voltooi wees, maar kan uitgebrei word om uiteindelik voorsiening te maak vir 400 persone wat leierskaps en adviseursrolle in Limpopo se grondhervormingsprogram sal speel – ongeveer 750 000 ha hoë-potensiaal landbougrond is hier ter sake

Die kortkursusprogram is ontwikkel saam met PwC as vennoot, deur middel van 'n landwye konsultasieproses met potensiële kliënte, wat insluit agri-besighede en kommoditeitsgroepe asook regeringsdepartemente en -agentskappe. Dit is ook voorafgegaan deur twee loodsprojek-oefeninge. Die opleiding fokus op leierskap, bestuur, fasilitering, spanbou, konflikbestuur en landbou-projekbeplanning en -implementering.

Die Sentrum het die Leierskapontwikkelingslaboratorium op die been gebring – om geleenthede te skep vir agri-leiers en invloedryke opinievormers om te ontmoet en te debatteer oor belangrike en deurslaggewende onderwerpe in landbou. Dié proses word gefasiliteer deur 'n ervare gespreksleier.

### Imbizo's gehou

'n Eerste sessie, genoem 'n Imbizo, is in Augustus verlede jaar gehou waar grondhervorming en landbou bespreek is. Dertig bekende boere, leiers van georganiseerde landbou, akademici en senior finansiële kenners was by dié Imbizo.

'n Tweede Imbizo, in November, se tema was "Die rol van die agri-nywerheidsektor in suksesvolle landbougrondhervormingsinisiatiewe". Die uitsette van die Imbizo's word beskikbaar gestel aan die Nasionale Beplanningskommissie, deur die posisie van prof Mohammad Karaan, dekaan van die fakulteit, wat as gespreksleier by die Imbizo-sessies optree.

Onderwerpe vir die 2011-Imbizo's sal fokus op werkskepping in die landbousektor (op 18 en 19 April 2011), voedselsekerheid (in samewerking met die Nasionale Landboubemarkings Raad) en die toekoms van boerdery in Suid-Afrika.

### Internasionale bande

Die Sentrum is betrokke by 'n projek om ondersoek in te stel na nuwe en vernuwende modelle vir hoëronderwys in Sub-Sahara-Afrika – gerig op agri-besigheidsopvoeding. 'n Peiling vir agri-besigheidsbestuursaanleg en -vaardighede (AGRIMASS) word in Suid-Afrika gedoen en sal in die wyer Afrika-agri-besigheidskonteks herhaal word.

Daar word ook gewerk aan 'n program vir samewerking tussen die Koninklike Landboukollege in Brittanje (Royal Agricultural College) om die leierskapontwikkelingsprogram te help. Dié program sal argibesigheidsplasings en -internskappe vir genote van regoor Afrika, insluitende Suid-Afrika, organiseer.

- Vir meer inligting oor enige van dié inisiatiewe of om betrokke te raak, kontak prof Johan van Roooyen by cjvr@sun.ac.za of skakel 021 808 4757.



Die sentrum se beurshouers vanjaar is, van links, Malapane Thamaga, Aphelele Mbali, Pieter van Niekerk, Maluta Netshaulu, Lorraine Kqwale en Simphiwe Tshoni. Twee van hulle het beurse van Santam en die die res van Agriseta.

Kampusnuus *wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein! *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

## BRIEWE

You are welcome to present a short letter for publication to the editor at kampusnuus@sun.ac.za or fax it to 021 808 3800, or deliver to Admin B building. You may use a pseudonym, provided that you supply your name and physical/e-mail address (not for publication).

Briewe is welkom. E-pos 'n kort brief aan die redakteur by kampusnuus@sun.ac.za of faks dit aan 021 808 3800 of besorg dit by die Admin B-gebou. 'n Skuilnaam kan gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word.

# Saamwerk met skole word herbedink

"Om terug te praat, is die hartklop van enige demokrasie".

Só het prof Yusef Waghid, dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, gesê by die eerste van 'n reeks gespreksessies oor hoe samewerking tussen fakulteite die Universiteit se interaksie met skole en die breër onderwyssektor kan versterk.

Dié sessies is 'n insiatief van die US Skolevennootskapprojek, gefasiliteer deur die Afdeling vir Gemeenskapsinteraksie. Die sessies se doel is om personeel krities te laat nadink oor samewerking tussen skole, die fakulteite en steundienste.

Waghid het gesê onderwys in Suid-Afrika kan slegs verantwoordelike burgers kweek mits studente en leerders leer hoe om terug te praat en meer empatie met weerloses en vreemdelinge (buitestanders) te hê. "Terugpraat", sê hy, beteken in dié konteks om beskaafd met ander mense in gesprek te tree en hul menings te respekteer.

"In die onderwys moet ook meer aandag geskenk word aan die kwesbares, gemarginaliseerdes en vreemdelinge in ons samelewing". Hier het hy veral gewys op kinders wat honger skool toe gaan en studente wat sonder die nodige middele sukkel om hul studies te voltooi.

Hy sê universiteite se fokus is steeds op tradisionele idees rondom diensleer, waarin studente krediete ontvang vir werk aan 'n gemeenskapsprojek. Diensleer moet eerder gekoppel word aan die verandering van die haglike omstandighede waarin baie gemeenskappe vasgevang is.

■ Die volgende gespreksessie is op 5 April. Kry inligting hieroor by Rolene Liebenberg, Bestuurder: Skolevennootskappe, by rolene@sun.ac.za of 021 808 9142.

– Alec Basson

# *Journalism inaugurates its new building*

The Journalism Department has inaugurated the new MEDIAFRIKA Building. MEDIAFRIKA forms part of Stellenbosch University's HOPE Project.

The inauguration coincided with the annual celebration of students graduating in the department – a tradition since the inception of the Department in 1978. Thirty students received honours and master's degrees at the March graduation ceremony.

"A strong media and well-trained, professional journalists are indispensable for eradicating poverty, achieving peace and security, promoting human dignity and health, entrenching democracy and human rights, and ensuring sustainable development in Africa," says Professor Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor.

The new building – behind the department's existing building, a national heritage site – consists of a multifunctional lecture hall, a multimedia newsroom with audio and video editing studios, and a creative relaxation area for students.

Prof Lizette Rabe, head of the department, says MEDIAFRIKA's aim is to support the top quality journalists who can strengthen democracy through ethical reporting and investigative journalism.

A 2007 UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation) study included the department among Africa's top twelve journalism schools. The department's honours students maintain a cum laude mark for internships conducted at media institutions.

The Department's external partners include Media24, Avusa, and Ramsay Media. Read more at: www.thehopeproject.co.za.

# *Span van Ingenieurswese werk kliphard op 'Karooplaas van ys'*

Luilekker dae op sonnige strande. Jou idee van 'n ideale Kersvakansie? Vyf jong manne by Ingenieurswese stem nié saam nie. Hulle sal hul buitengewone somervakansie vir niks ter wêreld verruil nie.

In plaas van uitspan en ontspan in die strelende Suid-Afrikaanse son, het hulle kliphard in ysige toestande met pik en graaf gewerk.

Will Esterhuyse, Herman du Preez, Fred Fourie, Eugene Joubert en Chris Vorster was die lede van die Fakulteit Ingenieurswese se span wat van 8 Desember 2010 tot 17 Februarie vanjaar op die Suid-Afrikaanse basis op Antarktika (SANAE) aan 'n windgenerator-projek gewerk het.

Dit is 'n navorsingsprojek van prof Maarten Kamper (Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese). Die Nasionale Navorsingstigting en die SA Nasionale Antarktika-program befonds dit – en dit ondersoek die benutting van windenergie in generators op dié basis vir kragvoorsiening vir die SANAE-netwerk.

Die besoek was om twee redes: om die bestaande windgenerator wat 'n jaar gelede opgerig is, af te haal en terug te bring vir herstel, en om twee gate te grawe en fondasieplate op te rig vir die torings van nog twee beplande windegenerators wat volgende jaar opgerig sal word.

Wat gelyk het na 'n maklike taak, het egter 'n wending geneem. Die regulerende uitlaatklep – 'n baie belangrike onderdeel van die kompressor vir hul boorwerk – is per ongeluk nie van die skip afgelaai nie. Dit was nie hul flater nie en hulle moes nog drie weke vir die skip wag om terug te keer om die onderdeel af te laai.

Intussen het hulle ywerig met pikke en grawe deur die gevriesde modder tot by die klipbed gekap vir die fondasieplate se oprigting. "Niemand wou later vir ons iets leen nie, want ons het drie pikke en 'n graaf gebreek," sê Will.

Toe die onderdeel opdaag, moes hulle drie weke se werk in enkele dae afhandel. Daar was min slaaptyd. Ander mense op die basis het selfs weddenskappe aangegaan dat die werk nie betyds sou klaar wees nie. Maar die span het met vlieënde vaandels geslaag!

Will, Herman en Fred studeer aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. Will het verlede jaar sy prakties in die Elektriese Masjienelaboratorium (EMLab) van prof Maarten Kamper, hoof van dié laboratorium, en van die windgenerator-projek, gedoen, en is vir vanjaar in die EMLab aangestel.

Herman en Fred doen hul prakties in die EMLab. Chris en Eugene is Maties – Chris as finalejaarstudent in Megatroniese Ingenieurswese en Eugene as PhD-student in Meganiese Ingenieurswese wat ook navorsing vir sy proefskrif op die basis gedoen het.

Hul avontuur het 70 dae geduur, 30 hiervan op die basis en die res op die skip, SA Agulhas.

Die kos op die skip is uit die boonste rakke, en op die basis was dit net so heerlik. "Ondanks harde arbeid het ek nege kilogram opgetel," bieg 'n spanlid wat anoniem wil bly.

'n Ervaring van 'n leeftyd, volgens Eugene. "Dit was werklik 'n besonderse span. Selfs as ons twee-uur soggens by minus 8 grade Celsius moes werk, met slegte weer wat op die horison dreig, het die ouens deurgedruk. Al het die ander mense op die basis spottenderwys weddenskappe aangegaan oor ons vordering, het hulle ons jammer gekry en ons op enige moontlike manier gehelp."

"Daar is 'n analogie wat lui dat Antarktika lyk soos 'n reuse Karooplaas met ys – en dit is werklik so," meen Fred.

Chris som hul tyd in Antarktika só op: "Drome word nie op die kantlyn geleef nie. Moenie sit en wag vir die lewe om te gebeur nie!"

– Liesel Koch






Bo: Van die spanlede, reg vir 'n dag se harde werk.

Links: Die span voor hul vertrek uit Kaapstad. Van links is Chris Vorster, Will Esterhuyse, Herman du Preez, Fred Fourie en Eugene Joubert.

# Meesterplan vir die hoofkampus se 'nuwe gesig'

(Van bl. 1)

parkeerbehoeftes nie, maar doen afbreuk aan die gehalte van die kampus as 'n boomryke, rustige akademiese omgewing met moderne fasiliteite, maar ook met talle goed bewaarde en funksioneel benutte geskiedkundige geboue.

Matie-getalle het van sowat 4 000 in die 1940's gestyg tot 6 000 in die 1960's, 10 000 in die middel-1970's en 20 000 in 2000. Nou nader dit die 30 000-kerf, waarvan sowat 25 000 uiteindelik op die Stellenbosse hoofkampus aanwesig kan wees.

## Net 3% ry fiets

Hier ry net sowat 3% van die studente met fietse klas toe en net ongeveer 20% stap, teenoor meer as die helfte wat gereeld motors gebruik om die sentrale kampus te besoek.

Die hoofkampus sal na beraming sy volle kapasiteit van sowat 25 000 studente binne die volgende 5-10 jaar bereik, as huidige groeipatrone voortduur. Dié kapasiteit kan egter slegs realiseer met meer optimale benutting en herinrigting van bestaande fasiliteite – én die aanbou van sekere nuwes.

## Vanjaar reeds

As eerste implementeringsfase van die meesterplan word beoog om vanjaar al sekere komponente aan te spreek – soos die skep van veilige fasiliteite vir fietse en voetgangers en daarmee saam 'n veldtog om die gebruik van fietse te bevorder.

Bykomende parkering gaan ook veral op die buiterand van die kampus geskep word om die tekort te help verlig.

Dié parkering sal uiteraard ook van sekuriteit voorsien word. Die eerste loodsprojek met betrekking tot die daarstelling van 'n publieke vervoerstelsel na en van Stellenbosch vanuit omliggende dorpe asook 'n pendeldiens op Stellenbosch, word nou beplan.

Met 'n gemaklike, effektiewe publieke vervoerstelsel, veilige fiets- en voetgangerfasiliteite en duurder parkering op die sentrale kampus gaan gepoog word om voertuiggebruik te ontmoedig en om stap, fietsry en die gebruik van publieke vervoer gewild te maak. Dit is ook die goedkoper en meer volhoubare "groen" opsie.

Dié kampus het reeds sy eerste veilige toesluit-fietsloods wat nou langs die Neelsie voltooi word en meer sulkes word beplan, ook by die beoogde parkeerareas aan die buiterandte van die kampus.

## Voertuigonvriendelik

Voertuigontmoediging kan insluit dat die hele Stellenbosse sentrale kampus as 'n voertuigonvriendelike "woonerf" verklaar word, met afdwingbare spoedbeperkings van 35 kilometer per uur, verhewe voetgangerkruisings en ander maatreëls wat dit voetgangervriendelik en -veilig sal maak.

Tuinuitleg en ander landskaperingmetodes kan ideale fiets- en voetgangerroetes skep, wat van die kampus 'n uiters "mensvriendelike" omgewing kan maak. "Oral op kampus moet fietsryers en voetgangers besef hulle geniet voorkeur bo motoriste," sê Opperman.

Hy hoop dat baie meer van die kampus se bestaande straatoppervlaktes mettertyd geplaveide fietsen stapareas kan word – soos dié wat deur straatsluiting in die 1970's al tussen die Neelsie en CGW Schumann-gebou geskep is.

"Ons wil 'n nuwe kampuskultuur bevorder – van stap, fietsry en bussies eerder as voertuiggebruik op die sentrale kampus terwyl studente en personeel gemaklik, veilig en goedkoop na en van die kampus en op die kampus met publieke vervoer kan beweeg."

Die tekort aan parkering by koshuise word ook in die Meesterplan aangespreek. Oplossings soos goedkoper parkering op die buiterand van die kampus, saam met die gebruik van die beplande pendeldiens, kan byvoorbeeld hier ingespan word.

## Studente, personeel

Die publieke vervoer en pendeldiens word voorsien vir die uitsluitlike gebruik van US-studente en -personeel.

Wat uitbreiding van gebouefasiliteite betref, is dié proses reeds aan die gang – met verskeie nuwe projekte wat al dwarsoor die US se kampusse opgerig word, en ook uitbreidings aan studentehuisvesting insluit, wat vanjaar al sal begin.

'n Nuwe "voordeur" vir die US in die omgewing van die Admin A gebou word ook in die beplanning aangespreek met 'n nuwe eenstop-dienspunt en voldoende parkering vir ouers en studente by die "voordeur."

– Hans Oosthuizen



# Artworks depict legacy of TRAGEDY, RECONSTRUCTION








**A four-month action research initiative, led by a team from the Visual Arts Department, resulted in six public artworks, unveiled at the Laingsburg 30-year Flood Memorial festival in January to commemorate the anniversary of the town's 1981 flood – still considered South Africa's greatest natural disaster.**

Thanks to this volunteer initiative, the collective stories of various communities within Laingsburg – some whose voices had gone unheard for three decades – were documented for the first time to tell the full story of that fateful afternoon on 25 January 1981 when 104 people lost their lives.

Three of these six artworks are in the Flood Museum complex: a re-imagined memorial assembled from decommissioned municipal water meters; an interactive children's play area that recasts the traditional Snakes and Ladders board game in relation to the local *waterslang* (water snake) myth; and three weathervane structures depicting iconic images remembered by flood survivors.

In the Flood Museum foyer, 104 pieces of driftwood are suspended at the height the floodwaters would have been on the day of the disaster. "The slow rotation of the delicate pieces of wood is a quiet meditation on memory, loss, and the passing of time," says lecturer Kathryn Smith, project leader of the initiative.

The project team consisted of two lecturers and 14 undergraduate and postgraduate students.

A multi-directional signpost indicates the direction, distance and lives lost in major floods on each of the six continents since 1981. A bridge archway, an abstract portrait of Laingsburg in coloured stripes, creates a contemporary rainbow as you enter and leave the town.

"These sculptures effectively represent Laingsburg's legacy of tragedy and reconstruction, and will hopefully make a tangible contribution to the local tourism industry and by extension, economic opportunities for its residents," adds Smith.

In mid-2010, she was approached by Daleen Kruger on behalf of the Laingsburg Municipality, to create a commemorative public sculpture for the flood anniversary. Smith, her colleague Verna Jooste and postgraduate student Hanje Whitehead conducted preliminary research in Laingsburg. "All the communities who survived the flood were adequately represented in this public sculpture," explains Smith.

Much more than simply designing and erecting a statue was needed, so Smith applied for additional support via *2010 Reasons to Live in a Small Town*, a project initiated by the Visual Arts Network of South Africa (VANSA). Plascon, the office of the Dean of Arts and Social Sciences and the Community Interaction Division also made significant donations.

> *"The art they left behind belongs to the community, because it was inspired by the entire Laingsburg community."*
>
> – Daleen Kruger

The Laingsburg initiative is now one of seven in a national network of *2010 Reasons* projects that represent a broad range of approaches to public and socially-responsive art practice.

The research process involved more than 100 Laingsburgers between two to 86. Strategies included interrogating the relationship of history to the future and the broader significance of the flood to climate change.

The artworks seem to have had an impact on social cohesion in Laingsburg. "In small towns like Laingsburg, communities are still largely separated," explains Lee-Ann van der Schyff, a fourth-year Visual Arts student. "By creating a play park where all the children from Laingsburg could gather, we have, in a way, 'forced' parents to come together and bridge the racial divides."

The interaction with Laingsburg has not yet ended. The volunteer team has developed 104 temporary actions that engage in a playful, but respectful way with aspects of the flood history and with how Laingsburg would like to market itself to visitors.

The anniversary of the 1981 flood continues throughout this year, with the team returning to workshop with high school learners who may be thinking about their future careers, as well as with local artisans who are interested in establishing small businesses in craft and design products.

The team also work with internationally-recognised artist Faith47 to transform the abandoned sports pavilion and will use cultural and heritage resources, such as the museum and local performers, to engage the youth around questions of citizenship, self-expression and a positive future for themselves through the arts.

Kruger says Smith and her students' "infiltration" in Laingsburg was handled with great compassion and respect for the history and social patterns of the community.

"The art they left behind belongs to the community, because it was inspired by the entire Laingsburg community. The N1 is always filled with traffic that passes through Laingsburg, but now travellers are stopping to see the artworks, to ask more about it and to hear the stories of Laingsburg. The community might have been struck by a tragedy 30 years ago, but they have definitely risen again."

– Compiled by Lynne Rippenaar

# Centre for sustainable business launched

**The leading companies of the future will be those that are serious about sustainability and who prioritise it as such.**

Companies are increasingly finding themselves in an environment with limited resources. To play a leading role and to maintain it, sustainability must receive preference in their economic, social and environmental practices.

This imperative for sustainability in business was strengthened by the launch of the Centre for Business in Society at USB Executive Development (USB-ED), the public executive development and training company of the University of Stellenbosch Business School (USB).

The centre focuses on research in corporate responsibility and sustainable development in business to provide for best practice benchmarks that are used to advice and consult companies and organisations on sustainability improvement strategies.

Dr Arnold Smit, head of the new centre, says its objective is to be in partnership with companies and organisations with the aim of a more sustainable business environment. As part of USB Executive Development, the centre will provide development programmes and services.

■ Read more at: www.usb-ed.com



Dr Arnold Smit, executive of the centre, Ms Phumzile Mlambo-Ngcuka, former minister of minerals and energy and former deputy president of South Africa as well as founder and currently the executive chairperson of the Umlambo Foundation (People winning against poverty through education), and Prof Obiora Ike from Nigeria, an international thought leader on sustainability and moral leadership and director and chair of the Catholic Institute for Development, Justice and Peace, who was the keynote speaker at the launch.




Prof Erick Strauss (regs) by prof Brett Pletscke, president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Biochemie.

# Jong navorser kan bydra tot nuwe middels

**'n Chemiese bioloog, prof Erick Strauss van die Departement Biochemie, het 'n medalje ontvang vir sy bydrae as jong navorser oor ensiem-meganismes en die ontwikkeling van antibiotika.**

Die SA Vereniging vir Biochemie en Molekulêre Biologie (SASBMB) se Beckman-Coulter silwer medalje is laas in 2001 aan 'n belowende jong navorser toegeken – ook 'n Stellenbosse akademikus, prof Hanli Moolman-Smook (Fakulteit Gesondheidswetenskappe).

Die 35-jarige prof Strauss, 'n P-geëvalueerde navorser, werk op die breë gebied van ensimologie en biokatalise, asook middelteiken-karakterisering.

Hy stel veral belang in die ontwerp van nuwe antibiotika deur te konsentreer op hoe patogene vitamiene voorberei en gebruik. Met sy sterk agtergrond in chemie en biochemie, glo sy kollegas hy kan binne vyf tot tien jaar 'n groot invloed op die ontdekking van nuwe middels hê.

Sy navorsingsgroep probeer nuwe middelteikens opspoor "by belangrike menslike patogene soos *Staphylococcus aureus,* wat enigiets van 'n veluitslag tot voedselvergiftiging veroorsaak; *Mycobacterium tuberculosis*, wat vir tuberkulose verantwoordelik is; en *Plasmodium falciparum*, wat tot ernstige malaria kan lei," verduidelik hy van die werk wat in sy laboratorium gedoen word. Hul einddoel is om dié kennis te gebruik om farmaseutiese produkte te help ontwikkel teen siektes wat deur sekere bakterieë en parasiete veroorsaak word.

"In ons soeke na oplossings vir hierdie probleme, probeer ons sowel chemiese as biologiese beginsels toepas en gebruik," verduidelik hy.

Nadat hy sy PhD-graad in 2003 van Cornell-universiteit in Amerika verwerf het, is Strauss as dosent in die US se Departement Chemie en Polimeerwetenskap aangestel. In 2008 het hy na die Departement Biochemie verskuif, waar hy nou 'n medeprofessor is.

Deur sy gereelde publikasies in internasionale portuurbeoordeelde vaktydskrifte (wat hoë-impak-tydskrifte soos *Nature Chemical Biology* insluit) kon hy sedert 2004 'n konstante stroom navorsingsinkomste bekom – van finansieringsagentskappe soos die NNS, Mediese Navorsingsraad (MNR), Suid-Afrikaanse Malaria-inisiatief, Internasionale Stigting vir Wetenskap (IFS) en Internasionale Sentrum vir Genetiese Ingenieurswese en Biotegnologie (ICGEB).

Hy is nie net 'n uitnemende navorser nie, maar ook 'n gewilde en knap opvoeder wat al die US se Rektorsprys vir Uitnemendheid in Onderrig (2007) en die DuPont-prys vir Uitnemendheid in Onderrig van Cornell-universiteit (1999) ontvang het. Voorts was hy al promotor vir sewe MSc- en drie PhD-studente, met nog vier PhD-studente wat vanjaar onder sy leiding wil gradueer.

– Engela Duvenage

# Greek princess visits Tygerberg campus

As president of the non-profit organization World in Harmony, Princes Irene of Greece – a longstanding friend of the Faculty of Health Sciences and the Tygerberg Children's Hospital – visited the Department of Paediatrics and Child Health to gain firsthand knowledge about how their regular donations help to care for the patients.



Dr Alfred Mukosi, clinical executive manager of the Tygerberg Hospital, with Princess Irene.

"I am extremely grateful to the Archbishop Emeritus Desmond Tutu for giving myself and the World in Harmony the chance to help South African families," said the princess.

Tutu is the patron of the hospital, a training facility for this faculty.

"Having been born in Cape Town, I am all the more grateful. We are very impressed with the progress that has been made by the doctors and the entire staff," she said.

The donations enabled the hospital to buy 60 sleeping couches for parents, diagnostic equipment for the emergency ward, as well as cardiac monitors and other equipment for the intensive care units. Over 400 newborn babies and more than 600 older children are admitted to the intensive care units each year.

# *Rekenaarwetenskaplike wen Afrikaprys vir MIV-navorsing*

Dit is nie net mediese wetenskaplikes en ander navorsers aan die Universiteit Stellenbosch wat hul gewig ingooi in werk rondom die wêreldwye vigspandemie nie. So span prof Konrad Scheffler van die Departement Wiskundige Wetenskappe: Afdeling Rekenaarwetenskap (foto) reeds die afgelope paar jaar sy kennis oor bioinformatika in om die MI-virus se evolusie te ontleed.

Dié rekenaarwetenskaplike is onlangs by 'n konferensie in Kenia vereer met 'n prys vir jong wetenskaplikes in Afrika, wat hy saam met twee akademici uit Egipte en Algerië ontvang het.

Microsoft se navorsingsafdeling, in vennootskap met TWAS, die wetenskapakademie vir die ontwikkelende wêreld, en AAS – die Afrika-wetenskapakademie, wat hom vir die uitbreiding van wetenskaplike en tegnologiese vermoë vir wetenskapgedrewe ontwikkeling in Afrika beywer – het dié prys ingestel.

Dit erken jong wetenskaplikes wat in Afrika woon en werk, wie se navorsing op die gebied van rekenaarwetenskap 'n positiewe uitwerking op die ontwikkelende wêreld het of kan hê.

Die 37-jarige prof Scheffler se werk oor die evolusie van virusse lewer waardevolle bydraes tot navorsing oor 'n teenvoeter vir virusse soos MIV. Sy bevindinge het reeds in etlike wetenskaplike navorsingstukke verskyn en hy het ook al boekhoofstukke oor die onderwerp geskryf.

Hy pas rekenaartegnieke en waarskynlikheidsmodellering toe om insig te verkry in die selektiewe kragte agter die evolusie van MIV namate dit by veranderinge in die omgewing aanpas, byvoorbeeld in reaksie op middels wat die virus probeer onderdruk, of in reaksie op die immuunstelsels van die virus se verskillende gashere.

"Mediese navorsers wat entstowwe of ander behandelings ontwikkel om die epidemie onder bedwang te bring, móét kan voorspel en verstaan hoe die virus moontlik op verskillende omstandighede sal reageer," verduidelik Scheffler, 'n opgeleide elektroniese ingenieur wat nou grondliggende navorsing in rekenaarwetenskap en biologie kombineer.

Sy medewerkers sluit akademici uit Amerika, Brittanje en Ierland in. Hy is die afgelope jare betrokke by verskeie gesaghebbende ontwikkelings. 'n Resensie deur die portuurbeoordelingsplatform *Faculty of 1000 Biology* het 'n navorsingstuk uit 2006 – oor 'n beter metode van evolusionêre gevolgtrekking – waarvan




Scheffler die hoofouteur was, beskryf as "'n oplossing vir een van die belangrikste probleme in evolusionêre bio-informatika". Die studie is boonop as die platvorm se maandelikse 'verborge juweel' gekies.

"Die rekenaarinstrumente wat ons ontwikkel, is vrylik bekombaar in die vorm van aflaaibare sagteware sowel as op 'n enkeldoelwebbediener genaamd www.datamonkey.org, en word wyd deur navorsers in Biologie en Geneeskunde gebruik," verduidelik hy die praktiese invloed van sy werk.

– Engela Duvenage

# WAT vier 85 jaar



Wayne Muller

**Vandag, 28 Maart, vier die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) sy 85ste bestaansjaar – 'n woordeboek wat Afrikaans in al sy verskyningsvorme weerspieël.**

Die WAT, gesetel in Banghoekweg in Stellenbosch, het van sy ontstaan reeds 'n noue band met die Universiteit Stellenbosch, wat een van sy borge is. Prof JJ Smith het, met die samewerking van Nasionale Pers en die US, in 1926 in Keeromstraat, Kaapstad, aan die WAT begin werk.

Deel I (letters A tot C) het op 7 Mei 1951 verskyn en in 2009 is die jongste deel, Deel XIII wat die letter R bevat, bekendgestel. Daar word tans aan die letter S gewerk.

Dr Willem Botha (foto), reeds 23 jaar verbonde aan die WAT en die afgelope ses jaar hoofredakteur, sê die WAT is ná 85 jaar steeds aan't vernuwe, met selfs 'n selfoonweergawe wat verlede jaar bekendgestel is.

"Taal is soos water, dit vloei waar dit wil. Mense praat soos hulle wil. Die WAT is 'n beskrywende woordeboek; ons maak nie woorde nie, maar wys die taal soos hy geskryf en gepraat word – standaard-Afrikaans, maar ook die geselstaal en variasies, soos Kaaps en Namakwalands," sê Botha.

Dit is 'n onderskatting om te sê die samestelling van 'n omvattende woordeboek soos die WAT, wat boonop aktueel moet wees en 'n dinamiese taal soos Afrikaans boekstaaf, is 'n reuse-taak. Die WAT is eintlik nog jonk, want Botha sê die Nederlanders het 148 jaar aan hul woordeboek geskryf, die Franse 200 jaar en die Swede ook meer as 200 jaar. Die Oxford English Dictionary is die vinnigste saamgestel – in 75 jaar.

Hoe stel 'n mens 'n woordeboek saam? Botha sê die WAT het 'n beleid dat woorde wat opgeneem word in vyf verskillende bronne moet verskyn, soos in koerante. "Dit moet ook oor 'n redelike tyd gebruik wees, anders neem ons eendagsvlieë op."

Hy vertel juis dat Afrikaanse koerante in 1996 die woord "malkoeisiekte" van "mad cow disease" vertaal het en hulle toe geskarrel het om dit op die nippertjie in Deel X (M) in te kry. "Die volgende week het al die koerante toe die woord na 'malbeessiekte' verander..."

Oor hoe om woorde te definieer, sê Botha: "Daar is twee sondes: te veel en te min – ensiklopedies en kripties." Ook het sommige woorde verskeie betekenisonderskeidings, soos onlangs toe hulle 20 betekenisse vir "sien" gevind het. Ander "eenvoudige" woorde is weer moeilik om te definieer, soos "lyn" of "lewe", en "bo", "op" en "af". Hulle kry egter ook raad van kenners aan die US oor sekere vakgebiede.

Hierdie skaaf aan definisies beskryf Botha as die "wonderlike vreugde van woorde". "Die vreugde lê daarin, om DJ Opperman se woorde te gebruik, om die engel uit die klip te verlos. Jy sit met 'n ontsaglike hoeveelheid materiaal en jy moet uitkom by 'n netjies geformuleerde sin wat alles vir die leser saamvat."

– Wayne Muller



KARLIEN BREEDT, die nuwe argivaris nadat dr Hans Heese einde verlede jaar by die US Argief afgetree het.

Die argief se dokumente het met die brand in die Wilcocksgebou ongeskonde gebly en Breedt (by breedtk@sun.ac.za of 021 808 2314) kan help met toegang tot dié dokumente.

Sy is gekwalifiseer as bibliotekaris, het 'n honneursgraad in Afrikaanse Kultuurgeskiedenis en was lank verbonde aan LNR Infruitec-Nietvoorbij in Stellenbosch.

"Dr Heese en sy assistente het baie van die argiefmateriaal gedigitaliseer," sê sy. "Totdat toegang tot die Wilcocksgebou herstel is, werk ons hard om die gedigitaliseerde inligting op onder andere SunScholar beskikbaar te stel. Dit sal help om die argief se sigbaarheid te verhoog en om die skatte daarin makliker wêreldwyd beskikbaar te maak."

# *Kampusuitgewery stewig gevestig, sprei vlerke wyd*

By dié uitgewery word nie gemors nie, besef 'n mens as Justa du Plessis wys waar SUN MeDIA Stellenbosch se voorraad boeke gebêre word. Nie in reusagtige groot vertrekke in oplae van duisende nie.

"Ons probeer om nie dooie voorraad aan te hou wat uiteindelik net geld kos nie," verduidelik Du Plessis (foto) wat in 2003 'n uitgewery op die US-kampus begin het. Sy het in 2006 bestuur van die US-Drukkery oorgeneem. In 2007 was die uitgewery lewensvatbaar en is die maatskappy SUN MeDIA Stellenbosch gestig.

Akademici en ander was gou tuis by dié uitgewery waar boeke van gehalte – onderwerp aan streng redigeermaatreëls en eweknie-beoordeling – die lig sien. In 2009 het SUN MeDIA Bloemfontein sy deure geopen en in 2010 SUN MeDIA Metro (in Johannesburg).

"Ons eerste oplaag is dikwels net 100 eksemplare, daarna druk ons op bestelling. Dit beteken die koste is effens hoër as boeke wat in groot oplae gedruk word, maar dit hou ook ons kapitaalkostes laag."

Boeke, van papier en in elektroniese formaat, word onder die drukname SUN PReSS en Rapid Access Publishers (RAP) gepubliseer. In 2006 het Du Plessis in 'n onderhoud met die *Financial Mail* gesê die uitgewersbedryf is 'n kapitaal-intensiewe onderneming wat uitgewers dwing om net boeke wat in groot volumes verkoop word, uit te gee. "Dit gee die uitgewers groot mag. Omdat dit nie winsgewend is om dié boeke uit te gee nie, sien talle verdienstelike manuskripte nooit die lig nie."

SUN MeDIA se antwoord is dus om meer boeke in klein oplae en op aanvraag te druk. Daar is ook die aanlynwinkel waar SUN MeDIA se publikasies (ook in elektroniese formaat) 24 uur per dag verkoop word.

Talle mense wat digitale weergawes van 'n boek koop, skaf ook die papierweergawe aan, vertel Du Plessis. "Die digitale weergawe dien 'n ander doel as die tradisionele boek. Dit is handig vir mense wat naslaanwerk doen en die soekfunksies gebruik om hulle onmiddellik uit te bring by sekere trefwoorde of frases in die teks, en by ander bronne. Altesaam 95% van ons boeke is onmiddellik elektronies beskikbaar, wat nuttig is vir oorsese akademici en kundiges – én dit beteken meer 'hits' op die Internet vir so 'n publikasie."

SUN MeDIA Stellenbosch gee jaarliks tot 30 boeke uit.

"Dis 'n pluimpie dat internasionaal erkende akademici soos proff Mark Swilling en Steven Chown SUN MeDIA as hul uitgewer kies," sê Du Plessis.

SUN MeDIA word by uitstek gekenmerk aan hoëvlak akademiese publikasies, maar publiseer ook boeke vir die algemene mark sowel as kontrakpublikasies – soos korporatiewe werk of wanneer families hul geskiedenis laat opteken.

Naas boeke, druk en bind die Stellenbosse en Tygerbergse produksie-aanlegte onder meer ook kursusmateriaal, eksamenvraestelle, navorsing- en jaarverslae, visitekaartjies, plakkate, en konferensiemateriaal vir akademiese en privaat kliënte.

– Stephanie Nieuwoudt


Michael Hammond en foto24

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS





**TE KOOP / FOR SALE**

**Pool Pump:** Brand new pool pump for 30 000 litre pool for sale: R1 000. Call 082 979 4667.

**Karoolam te koop:** Gewaarborg: Steroied en groeihormoonvry. Prys: R48.75 per kg. ('n Lam weeg tussen 16 en 20 kg. Halwe lammers ook beskikbaar). Verpakking: 3 opsies: Alles tjops met 2 boude heel; alles tjops met 1 boud heel; alles tjops. Aflewering: Einde van elke maand. Skakel: André Jooste. 08 33 9191 33 of e-pos: a.jooste2@gmail.com

**TE HUUR / TO LET**

**Room to let in spacious house in Welgevonden**: I am looking for a female working person or postgraduate between the ages of 24-35 to share a fully furnished house in Welgevonden. Available from October. R2 500 per month. Please contact Elsa du Toit at ejdutoit@distell.co.za or 084 510 3411.

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Verblyf Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130-00 p.p.perdag. Heerlik, gesellig, privaat. www.121jonkershoekroad.co.za of kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**Furnished room available in Welgevonden Security Complex, Stellenbosch**: Looking for a post graduate or senior lady student. Available immediately. Electricity and water included. R2 200. Please phone 084 510 3411 for viewing or email ejdutoit@distell.co.za

**SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS**

**Saamrygeleentheid:** Vanaf Somerset-Wes/Stellenbosch na Kaapstad elke dag.Kontak: Alex van Noordwyk by 082 873 0630 of Christelle by 082 326 0239.

**Southern Suburbs to Stellenbosch:** Lift urgently needed. Working hours fairly flexible. Will contribute to petrol costs. Contact LR2@sun.ac.za or sms LIFT and your details to 076 977 7740.

**DIENSTE / SERVICES**

**Eagle Transcription and Translation Services**: Transcription of digital voice files, audio recordings, tapes, CD's on MS-Word, e.g. Interviews, research, meetings, etc. We do Xhosa, English and Afrikaans transcriptions and translations. Work guaranteed, treated as strictly confidential. Tel: 021 761 1866 or Mobile: 084 812 9386. Email: lorrhein@gmail.com or eagle@iburst.co.za

Keep **HEALTHY and FIT** by joining Maties Athletics on Monday and Tuesday evenings from 17:15 at the cricket fields and Wednesday evenings from 17:15 at Coetzenburg Stadium, for some jogging or walking and loads of fun! All fitness levels are most welcome and it's FREE OF CHARGE.

**For more details contact Muhamed Ally on 021 808 4694.**



*Kampusnuus* verskyn, tensy ander gemeld, op die laaste Maandag van elke maand. Die sperdatum vir advertensies is die tweede Maandag van elke maand. Advertensies: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 of chenry@sun.ac.za
*Kampusnuus* appears on the last Monday of every month unless stated otherwise. The deadline for advertisements is the second Monday of each month. Advertisements: Conita Henry, tel.: 021 808 4633 or chenry@sun.ac.za

# Ben Schoeman stel sy eerste solo-album in die Endler vry

Konsertgangers kan hulle gereed maak vir 'n onvergeetlike musikale ervaring, die klavier-virtuoos Ben Schoeman se optrede in die Endlersaal op Saterdag 9 April (20:00).

Die uitvoering – deel van 'n konserttoer ter bekendstelling van dié jong pianis se eerste solo-album, *Ben Schoeman: Liszt* – is die vierde van sewe konserte landwyd wat ook Oudtshoorn, Muizenberg, Pretoria, Johannesburg en Bloemfontein insluit. Schoeman se toenemende statuur as solis volg op verskeie merkwaardige toekennings.

In 2008 was hy die eerste Suid-Afrikaanse wenner van die UNISA Vodacom Internasionale Klavierkompetisie.




Ter erkenning van sy prestasies en bydrae tot musiek in Suid-Afrika het die Universiteit van Pretoria Alumni-vereniging 'n Laureaat-toekenning (ook in 2008) aan hom oorhandig.

Schoeman is in 2009 bekroon met die eerste prys van die Royal Over-Seas League Musiekkompetisie in Londen en in 2011 met die Standard Bank Young Artist Award for Music. Standard Bank borg die nuwe CD-album.

Die bekendstelling daarvan is in Franz Liszt se 200ste verjaardagjaar. Liszt se majestueuse B mineur Sonate is onder meer op die CD. TwoPianists gee dit uit. Kaartjies (R110/R85) vir die Endlersaal-uitvoering is beskikbaar by Computicket of bel Leon van Zyl, 071 896 5790. Schoeman is ná die uitvoering beskikbaar vir sy handtekening op eksemplare van die album.



# Sprokie splinternuut aangebied

'n Splinternuwe weergawe van die sprokie *Die Fluitspeler van Hamelin* is op 13-15 en 18-21 April elke dag om 09:00 en 12:30 by die HBThom Teater te sien.

Die teks en regie is deur Schalk van der Merwe, Kanna-wenner, 2009-KKNK. Die geselskap bestaan uit 38 senior dramastudente.

Jonk en oud sal vermaak word deur al die bekende karakters én verskeie nuwes. Ontmoet vir Jacques en Jacqueline, die twee wesies van Hamelin wat onder die selfbehepte Burgermeesteres Brumhilde Breumel en haar twee katte, Kat en Strofes, elke dag die markplein moet skoonmaak.


As die nare Fluitspeler en sy gees van die fluit, Fluitie, hul verskyning maak, is Hamelin in die moeilikheid. As iemand tog maar net na Esme Verkyker geluister het.

Navrae en besprekings (na 14:00): Schalk van der Merwe by schalkw@sun.ac.za of 021 808 3216. Kaartjies: R30, (studente) R25, en blokbesprekings R20 per persoon.

## BOEKE / BOOKS


*International Dialogue*
Editors: Marion Keim & Clemens Ley

"Many researchers in crime and violence prevention point to unsafety as a failure of a social system to protect, support and enable individuals and communities to achieve their potential through access to rights, services and opportunities. "A safe place is one where a range of interrelated elements are in place. These relate to family, neighbourhood, community, school, health, services, infrastructure, facilities etc. While it is recognised that all play a role in safety, it is difficult to place a value on any one element, or on the impact of the state of that element on other elements or on safety as a whole. This in turn makes it difficult to prioritise investment and intervention, and to meaure safety or movement towards safety. These conference proceedings aim "to promote a dialogue across themes within the crime prevention and safety sector, with the intention of debating commonly held values and assumptions.




*On Strategy – Strategic Theory and Contemporary African Armed Conflicts*
Editors: Francois Vreÿ, Thomas Mandrup and Abel Esterhuyse

*On Strategy – Strategic Theory and Contemporary African Armed Conflicts* attempts to draw the attention to the importance and contribution of strategic theory as an explanatory framework to better understand armed conflict and to elevate the importance of the policy-strategy nexus that is often lost or misinterpreted when viewing African armed conflicts. It further represents a combined enterprise to bring a better understanding of the seemingly intractable African armed conflicts, and the world of strategy, to be understood as the consequences of the past use of armed forces for future outcomes.




These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)
www.africansunmedia.co.za www.sun-e-shop.co.za africansunmedia@sun.ac.za 021 808 2401 021 808 2626



Die vierde uitgawe van *Clinical Gynaecology* is by die Fakulteit Gesondheidswetenskappe bekendgestel. Juta het dit in 1993 die eerste keer uitgegee, met die meeste van die outeurs afkomstig van die US. Die meeste SA mediese skole het tot die nuwe uitgawe bygedra. Prof Jimmy Volmink (middel), dekaan van Gesondheidswetenskappe, is hier by dr Hennie Botha (links) en prof Thinus Kruger, redakteurs van die publikasie.

# Book helps to ensure effective government spending

Mariaan Roos (photo), lecturer in auditing at the Faculty of Military Science, is the co-author of the book *Performance auditing: A step-by-step approach*.

Performance auditing plays a vital role in ensuring that taxpayers' money is spent economically, efficiently and effectively on all levels of government.

The second edition was extensively revised on popular demand and fills a gap in resources for practical guidance on and training for performance auditing in South Africa. Aimed at professionals, practitioners, trainers and students involved in performance auditing, it is prescribed by at least three SA tertiary institutions.

The first edition of *Performance auditing* formed the basis of training in performance auditing conducted in 2009 to internal auditors across government departments. It is also used in the training on performance auditing by the Institute of Internal Auditors.

Roos is a qualified chartered accountant (CA) and holds a Masters of Commerce in auditing from Unisa. She obtained her bachelor's and honours degrees from the University of Pretoria and was recently appointed as member of the Auditing Committee of the Cape Town Metro and serves as member of the Auditing Committee of the Greater Saldanha Municipality. She is also involved with the activities of the South African Institute for Chartered Accountants (SAICA) Western Cape Region.



# Welwees-aanbiedings in April

Menslike Hulpbronne reël in April twee Welwees Etensuur-aanbiedings. Albei is op Woensdae om 12:45 in Lokaal 226 in die Lettere en Wysbegeerte-gebou.

6 April: *Holistic Wellness* – met dr Dawie van Velden, 'n navorser en redakteur van *Die Huisgenoot* se mediese kolom, as aanbieder.

20 April: *The Healthy Traveller*, aangebied deur dr Craig Thompson, sportgeneesheer by Kampusgesondheid, US.



A visit to Stellenbosch by the chair of the sports committee of the German federal parliament, Ms Dagmar Freytag, and Ms Ulla Schmidt, former minister of health of the German federal government, has laid groundwork for collaboration between Germany and the Stellenbosch University Sport Performance Institute (SUSPI). More German athletes and teams could soon train in Stellenbosch, says Gugu Ntuli, CEO of SUSPI. Here are Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research (back), and Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor (left), during the visit, with Schmidt, Ntuli and Freytag as well as the German ambassador, Dieter Halle.

# Gaar kos 'gee meer energie'

Gekookte kos verskaf meer energie aan die mens, het 'n besoekende Amerikaanse dosent in 'n lesing op ons kampus gesê.

Prof Richard Wrangham (foto), dosent in menslike evolusionêre biologie by Harvard en 'n STIAS-genoot (Stellenbosch Institute for Advanced Study) was die spreker by dié instituut se tweede openbare lesing vanjaar.

Volgens Wrangham, wat navorsing oor die onderwerp gedoen het, het die ontdekking van vuur die mens in staat gestel om kos te kook en om so die energie-inhoud daarvan te verhoog.

"Sedert die bestaan van die *Homo erectus* (ongeveer 1,8 tot 1,3 miljoen jaar gelede) word kos gekook en het die menslike ingewande en maaltande oor tyd aangepas om gekookte kos te verwerk. Vandag kan ons gekookte kos makliker verteer danksy kleiner ingewande en maaltande", het Wrangham gesê.

Volgens sy navorsing versnel gaar kos die verteringproses van kosse wat stysel en proteïene bevat. Die tyd wat dit 'n mens neem om jou kos te kou, is minder as 'n uur elke dag.

Gekookte kos help ook om die brein te vergroot. En Wrangham voer aan dat gekookte kos beter is vir babas wat gespeen word.

Hy het verwys na 'n studie wat getoon het dat vroue met diëte wat net uit sekere rou produkte bestaan het, nie swanger kon raak nie. Dit is daarom beter vir vroue om gekookte kos te eet.

"Hoewel gekookte kos meer energie verskaf, beteken dit nie rou kos is ongesond nie. Mense met allergieë vir sekere kosse kan wel rou produkte eet," sê Wrangham. Rou kos op die regte tyd het ook voedingswaarde.




Hy sê koskook het destyds ook tot arbeidskeiding tussen die geslagte gelei, met vroue wat kos gekook het en mans wat vry was om te jag.

– Alec Basson

# *Volunteers learn 'better citizenship'*

"Volunteer activities prepare our students for good citizenship," says Michelle Pietersen, programme manager of the One Stop Service at Matie Community Service (MCS).

She co-organised the first national volunteerism working group of the South African Higher Education Community Engagement Forum (SAHECEF) held at Stellenbosch University.

Nineteen representatives from eight universities – including also Witwatersrand, Johannesburg, North West, Cape Town, Western Cape, the Cape Peninsula University of Technology and the Durban University of Technology – attended the workshop.

This forum is committed to advocating, promoting, supporting, monitoring, and strengthening community engagement at higher education institutions.

It was the first of five such events being planned by SAHECEF. The others will address teaching and learning, research, community partnerships, and the management and governance of community engagement.

The Stellenbosch workshop finalised a SAHECEF framework for the 2011 Mandela Day celebrations at SA universities in July.

Bianca Joseph, a prospective PhD student at Stellenbosch, Dr Leslie van Rooi, head of our University's Frederick van Zyl Slabbert Leadership Institute, and Mike Leslie, a member of the Matie Community Service One Stop Service advisory board, made main presentations at the workshop.

Lydia Burger, who heads MCS, says the workshop participants were keen to learn from and support each other.

Student volunteerism at the various institutions is growing, she says. This creates an opportunity for "meaningful community partnerships where students, service providers and communities can benefit."

The working group's next workshop will be at the University of Johannesburg in May.

– Joanne Williams

# Development of academics investigated

The Centre for Teaching and Learning at Stellenbosch University is leading a three-year research project, "Context, Structure and Agency", funded by the National Research Foundation.

This study – an investigation into contextual influences on the professional development of academics as teachers in higher education in South Africa – will consist of an analysis of the national context, and eight case studies at public higher education institutions.

It will explore how material, policy and cultural forces influence individuals' engagement in professional development opportunities, and what kinds of professional development are effective in these environments.

Eight universities participate in this investigation, which could contribute to a national framework on how to provide context-sensitive opportunities for the professional development of academics in their teaching role.

The first two-day planning meeting was held in Cape Town in early March.

For more information, contact Brenda Leibowitz: bleibowitz@sun.ac.za



# *Eksamens, toetse skuif van 18 na 16 Mei*

ALLE EKSAMEN- EN TOETSVRAESTELLE wat vir 18 Mei 2011 geskeduleer is, verskuif na Maandag 16 Mei.

Omdat die verkiesing vir plaaslike regerings op 18 Mei geskied en dié dag tot openbare vakansiedag verklaar is, word daar op stemdag geen eksamens en toetse afgelê nie

Waar die eksamen dus op 17 Mei sou begin het, begin dit nou op 16 Mei vir alle studente wat op 18 Mei sou geskryf het. Alle studente moet daarop let dat Vrydag 13 Mei wel 'n gewone lesingdag gaan wees en nie 'n klasvrye dag nie.

Die Studenteraad en Akademiese Belangeraad het die Universiteitsbestuur gevra om 18 Mei se eksamens en toetse te verskuif sodat studente die geleentheid kan kry om hul stemme uit te bring. Die bestuur het die versoek gesteun en die Senaat het dit goedgekeur.

Die omruil van dié datums behoort geen ontwrigting te veroorsaak nie. Die geskeduleerde eksamen- en toetssessies vir die oggend, middag en aand bly dieselfde.

# Swemmers en ryers blink landwyd uit

Swemmers en fiets- en handfietsryers het in die afgelope maand veral uitgeblink onder die prestasies van die Maties-Helderberg Sportklub vir persone met gestremdhede.

By die bekende Midmar Myl-swemkompetisie naby Pietermaritzburg het Achmat Hassiem eerste en Kevin Waller vierde geëindig in die afdeling vir swemmers met gestremdhede.


Hassiem – wat sowat sewe jaar gelede sy een been in 'n haai-aanval by Muizenberg verloor het – het deur sy swemtalent tot by die 2008 Paralimpiese spele in Beijing gevorder. Daarby ploeg hy ook nog van sy energie in die samelewing terug – deur deel te neem aan 'n uitdagende swem wat van Robbeneiland na Blouberg gehou word ten bate van die Vista Nova-skool vir serebraal gestremdes.

Om hul swemtalent verder te voer, het Hassiem en Waller boonop die dag ná die Midmar Myl-byeenkoms ook deelgeneem aan die myl vir niegestremde swemmers – en puik gevaar in die ouderdomsgroep 14-30. Hassiem het 123ste en Kevin 411de geëindig uit die 1 515 mans wat deelgeneem het.

Waller, wat serebraal gestremd is, het gewys dat hy meer as net 'n goeie swemmer is deur ook aan die Argus Fietstoer deel te neem, en dit te voltooi in net minder as ses en 'n half uur.

Hy was maar een van die Helderberg-klublede wat deelgeneem het – drie van hulle in die handfietsafdeling en een in tandem (visueel gestremd).

Vir die bekende Paralimpiese atleet Ernst van Dyk (foto) was dit die vyfde Argus-wen in 'n ry, met 'n tyd van 3:40 (23 minute beter as in 2010). Stuart McCreadie was tweede (3:57) en Eugene Steyn sewende (5:08). Die visueel gestremde Frans Besuidenhout het met die hulp van Lourens de Kock die wedren op 'n tandem in 3:32 voltooi.



## *Robyn bly SA kanokoningin*

Noem die naam Robyn Kime, en enige SA kanovaarder weet van wie jy praat. Behalwe plaaslike wedvaarte waarin sy die manne ook aanvat, staan haar prestasies uit by die groot en bekende kanomaratonne. Sy het sedert vroeg verlede jaar die vroue-afdelings by al die land se grootste kanomarathonne, die Bergrivier, Visrivier en Duzi, gewen. Ook uit die water uit presteer sy, as voorsitter van die Maties Kanoklub en met 'n puik studierekord as ingenieurstudent in die afgelope vyf jaar.

**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 3 Mei 2011**

**Redakteur:** Hans Oosthuizen (wnd. vir hierdie uitgawe)
**Bladontwerp:** Heloïse Davis **Drukwerk:** Shumani Printers
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 021 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur (Wayne Muller), Admin B-gebou, tel. 021 808 4851, faks 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY